Izethelo Media-Toekenning: Brand Republic

Oorhandig deur: Prof. Marina Joubert

Verlede jaar het AgriSA Hortgro genader om deel te neem aan die tv-program Meer as Grond. Dié program deur Brand Republic met die gesoute radio-en televisie-persoonlikheid Lynette Francis-Puren as aanbieder, word op VIA, kykNET uitgesaai.

Die doel van die program is om aan die publiek te wys wat moderne landbou behels en wat alles agter die skerms afspeel om voedsel in supermarkte te verseker.

Kykers volg indiepte gesprekke oor kritieke landbou kwessies soos plaasveiligheid, droogte, energie-krisis, natuurlike hulpbronne, waterskaarste en vele meer. Wat beteken Landbou vir ons land en sy mense en hoe verseker ons voedselveiligheid en sekuriteit.

Die kwessies is meestal kompleks en eenvoudige antwoorde ontbreek. Hortgro het programvoorstelle gemaak en Brand Republic het daarmee gehardloop. Die eindresultaat was topgehalte televisie wat die beeld van die sagtevrugtebedryf verbeter het; asook konstruktiewe betrokkenheid tussen die vrugtebedryf en die media verseker.

Die volgende mylpale word in die proses behaal:
100 598 prima tyd kykers
172 183 daaglikse kykers (deurlopend)
Derde seisoen aangevra
Gedurende uitsaaiperiode styg Hortgro se AVE dramaties

Seisoen een en twee is onderskeidelik uitgesaai van 13 April 2022 en 5 Oktober 2022, met heruitsendings tot Maart 2023. Die derde seisoen van Meer as Grond het onlangs afgeskop.

Meer as Grond is ‘n waardige wenner van Hortgro se Izethelo Media Toekenning 2023.